# Prediking en kultuur

**T F J Dreyer**
**Universiteit van Pretoria**
**Departement Praktiese Teologie (Afd A)**

**Abstract**
**Preaching and culture**
*This paper is an attempt to define the relation between culture and preaching. The Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika frequently refers to the church as a 'peoples church' ('volkskerk'). Owing to political changes in South Africa, the qualification 'volkskerk', has created a certain amount of disturbance in the ranks of the Nederduitsch Hervormde Kerk. This study analyses the relation between culture and preaching from different hermeneutical perspectives, namely: the cultural embedding of the biblical kerygma; the interwoveness of language and culture, and the necessity of contextuality in preaching.*

## 1. INLEIDING

> De mens kan zich ook van cultuur bewust worden wanneer deze op het spel komt te staan. Bijvoorbeeld als vreemde, uitheemse cultuurinvloeden binnendringen. Of ook als van binnen uit in een volk iets als cultuuruitholling plaats gaan vinden. Als oude vormen niet meer staande kunnen blijven zonder dat reeds waardevolle nieuwe vormen gevonden zijn.
>
> (Van Peursen 1955:5)

## 2. AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Die tema 'prediking en kultuur' was vroeër vanuit 'n sendingperspektief 'n aktuele vraag. Mettergaan is redelike konsensus bereik dat ter wille van die verkondiging van die evangelie die kerk binne welke kultuur ook al 'inheems' moet word. In die kerk se missionêre arbeid word 'n bepaalde kultuur nie verhef tot voorwaarde vir geloof nie, maar sal die kerk binne elke konteks waarbinne daar missionêr opgetree word, die boodskap van die evangelie in daardie kultuur krities moet intolk. Die vraag oor die verhouding van kerk en kultuur, en daarom ook prediking en kultuur, is dus in 'n sekere sin reeds beantwoord en is die onderwerp van hierdie studie op die oog af agterhaald.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die huidige homiletiese debat in Suid-Afrika is gefokus op die vraag van kontekstualiteit (Müller 1992:27-41; Van der Merwe 1989). Die rol van prediking te midde van die politieke en staatkundige veranderings in Suid-Afrika geniet tans die aandag (Burger 1994:83-92; Pieterse & Theron 1994:141-154). Die politieke en sosiale funksie van die prediking is wêreldwyd in die brandpunt (Allen 1988; Jossutis 1980; Arbuckle 1991). Alhoewel die klem dus tans meer val op die kontekstualitiet, waarby die politieke en sosiale funksie van die prediking inbegrepe is, is kultuur nie daarby uitgesluit nie. Genoemde begrippe is so met mekaar verweef dat kultuur 'n integrale deel van die huidige vraagstelling is. Die ideaal vir 'n kontekstuele hermeneutiek vir die homiletiese situasie in die Republiek van Suid-Afrika formuleer Müller (1992:27) soos volg:

> Dit is 'n spesifieke hermeneutiek wat ten dienste wil wees van 'n openbare of publieke verkondiging wat hom nie isoleer in die ghetto van 'n geïntroverteerde kultiese prediking nie, maar daarop gerig is om gehoor en verstaan te word in die sogenaamde 'naked public square'. As 'publieke' hermeneutiek wil dit juis die kerklike verkondiging dien en sy identiteit artikuleer deur te opereer op die intervlak tussen eksegese en sosiale analise. Binne hierdie hermeneutiese perspektief is kulturele werklikhede deel van die sosiale analise, maar dan binne die konteks van die 'naked public square'.

Die vraag ontstaan of so 'n benadering nie juis reeds die keuse vir 'n bepaalde kulturele siening impliseer nie, naamlik dat in plaas van kerk te wees binne 'n bepaalde kultuurgroep, die keuse skynbaar gemaak word dat 'n groepsgebonde kulturele konteks vir die kerk plek moet maak vir 'n interkulturele konteks, wat eintlik 'n nuwe kultuur poog te wees. Die kultuur van die 'public square' word nou die konteks vir die prediking, terwyl die 'ghetto' van 'n bepaalde kultuurgroep in die verlede die konteks vir die prediking was.

Die jongste woelinge binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk rakende die moontlike kerkvereniging met die Verenigde Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa, illustreer die belangrikheid van die kulturele gebondenheid van die kerk. Prof P C Potgieter, dekaan van die teologiese fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en vorige moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, stel in die openbaar dat die Afrikaanse taal so belangrik is dat as 'n mens taal gaan ignoreer, gaan die Nederduitse Gereformeerde Kerk skeur. Hierop reageer die redakteur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die Sondagkoerant *Rapport* in 'n redaksionele artikel waarin hy onomwonde daarvoor pleit dat die kerk 'n kultuurtaak het. Hy ondersteun die standpunt van Prof Potgieter en staaf dit met die volgende argument:

> Want anders as wat sekere kerkmanne deesdae in mode-idioom wil voorgee, het die kerk ook kultuurwortels en 'n kultuurtaak. Deur die eeue was die kerk en die Christelike geloof op die voorpunt van die beskawing, bewakers van geleerdheid en geletterdheid, en ook van die kunste en die musiek. Wie taal bloot na die 'kulturele gebied' wil verwys, is besig om die kerk se belangrike kulturele wortels te negeer.
>
> (*Rapport*, 31 Maart 1996)

Vanuit die konteks waaruit hierdie ondersoek geïnisieer word, is die tema: prediking en kultuur, tans in die brandpunt. Hierdie studie is deel van 'n navorsingsprojek van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria, getitel: Kerk en kultuur. Die blote feit dat hierdie onderwerp as navorsingsprojek gekies is, verraai alreeds dat dit tans binne die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n aktuele onderwerp is. Enkele kontoere wat as reliëf dien, behoort die aktualiteit genoegsaam te illustreer.

Binne die Nederduitsch Hervormde Kerk is die begrip 'volkskerk' in die ekklesiologiese besinning 'n basiese gegewene van waaruit gedink word (vgl Botha 1989: Botha & Pont, 1993:1-19). Die volkskerkgedagte het ook neerslag gevind in die bekende Artikel III van die Kerkwet van die Hervormde Kerk. Met die skryf van 'n nuwe Kerkorde en gesien in die lig van die staatkundige veranderinge in Suid-Afrika, het die volkskerkgedagte weer onder die soeklig gekom.

Van Eck (1995:827) stel dit soos volg: 'Kan 'n eksklusiewe volkskerk op Skriftuurlike gronde verdedig word? Hierdie is myns insiens die vraag waaraan die Nederduitsch Hervormde Kerk in die toekomstige debat rondom die nuwe kerkwet ernstig aandag sal moet gee'. Besprekings en besluite tydens die laaste Algemene Kerkvergadering verwoord iets van die onsekerheid wat die uitdagings binne die konteks van die 'nuwe' Suid-Afrika in die kerk veroorsaak het. Die Vergadering (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995 = NHKA 1995) besluit onder andere dat Artikel III in 'n nuwe kerkorde so gewysig moet word dat geen rasmatige verwysings in die verwoording van die volkskerkgedagte na vore moet kom nie. Terselfdertyd bevestig die Algemene Kerkvergadering dat 'n volkskerk, alhoewel nie die enigste nie, tog die vanselfsprekendste gestalte van kerkwees is, en dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika volkskerk in die midde van die Afrikanervolk is (NHKA 1995:141-142). Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Algemene Kerkvergadering spreek ook die mening uit dat die kerk 'n kultuurtaak het en steeds Christelik-volkseie onderwys (NHKA 1995:315-316) moet nastrewe. Die Hervormde Kerk aanvaar die verantwoordelikheid om binne die nuwe konteks die kerk se apostolêre verantwoordelikheid verder uit te brei deur binne multikulturele gemeenskappe 'n nuwe bedieningspatroon te beplan sonder om bestaande bedieningspatrone van die kerk daarin te laat opgaan (NHKA 1995:283). Hierdie besluite getuig enersyds van die feit dat die Hervormde Kerk besef dat kerkwees verstrengel is met die kulturele konteks waarbinne die kerk lewe, maar andersyds is daar 'n versigtigheid om nie bepaalde sosio-politieke werklikhede tot die absolute te verhef nie.

Die proleem grondliggend aan die vraagstelling van die verhouding: kerk en kultuur, het dus ook te make met die veranderinge op poltiek-staatkundige terrein in Suid-Afrika. Waar kulturele- en groepsregte in die vorige bedeling die basis van die gemeenskapslewe was, word hierdie regte nie meer hoog geag nie. 'n Groot deel van die Afrikanerkerkgemeenskap voel hulle bedreig deur die nuwe situasie. Taal- en kultuurregte word op verskeie terreine, soos veral in die onderwys, misken. Binne hierdie konteks is dit 'n vraag aan die kerk of die prediking en pastoraat ingespan moet word om die lidmate te begelei. Die doel van hierdie ondersoek is dus, nader gepresiseer, om te probeer bepaal wat die verhouding tussen kultuur en prediking is. Daar sal eerstens gepoog word om kortliks die kontoere van die problematiek te trek. Die relevansie van die kulturele konteks vir die prediking sal vanuit enkele homiletiese perspektiewe belig word, naamlik: die Bybelse boodskap en kultuur; prediking as 'n taalmatige woordgebeure en die kultuur; kontekstualiteit en kultuur. Ten slotte sal gepoog word om enkele riglyne vir die prediking daar te stel.

## 3. KONTOERE VAN DIE PROBLEMATIEK

Kultuur kan vanuit verskillende perspektiewe gedefinieer word. Sosiologiese-, psigologiese-, volkekundige-, staatkundige-, kommunikatiewe-, filosofiese-, politieke- en nog talle ander dissiplines kan benut word om elkeen vanuit hulle bepaalde gesigspunt lig te werp op die vraag na wat onder die begrip kultuur verstaan word. Vir die doel van hierdie ondersoek kan daar nie slegs op een bepaalde faset van kultuur gefokus word nie, maar sal gesoek moet word na die mees omvattende beskrywing van kultuur waarbinne alle moontlike aspekte geïnkorporeer is. Slegs vanuit so 'n holistiese verstaan van kultuur as fenomeen, kan gevra word na moontlike raakvlakke van kultuur en prediking.

Vroom (1995:5) is van mening dat kultuur te doen het met oorgelewerde insigte en aangeleerde houdinge, om 'n proses waarin mense uit die tradisie waarin mense staan, insigte en houdinge ontvang, maar wat mense ook bewustelik onderneem om weer aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ander oor te lewer. Wat oorgelewer word, is 'n patroon van betekenisse, byvoorbeeld wat 'n tafel is en waarvoor dit gebruik word. Die verklarende Afrikaanse Woordeboek (1980:493) beskryf kultuur as die geestelike besit van 'n volk op alle moontlike gebiede; produkte, uitkomste, skeppinge, maaksels van menslike werksaamheid en vernuf; beskawing, ontwikkeling; veredeling; aankweking; verbouing. Die verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1985:625) verduidelik kultuur as die ganse geestelike besit van 'n volk op elke terrein.

Kultuur is nooit die produk van 'n enkeling nie. Selfs die eensame denker het leermeesters gehad en bewaar in sy\haar herinnering die ontmoetings met medemense of lees geskrifte wat deur ander geskryf is. Kultuur kom tot stand deur samewerking. Kultuur is die teken daarvan dat die mens 'n wese is wat tot 'n gemeenskap behoort (Van Peursen 1955:9). Op grond van die oorspronklike betekenisvelde van die Latynse woorde *cultus, cultura* en die werkwoord *colo*, maak Van Peursen (1955:15) die afleiding dat sodra mense hulle sorgsaam met iets besig hou, is daar sprake van kultuur. Die woord bestryk dan die breë terrein van menslike werksaamhede vanaf die landbou tot die diens aan die gode en vanaf die bewoning van 'n stukkie grond tot die versorging en versiering van jou woning en jou eie liggaam.

So gesien is kultuur nie 'n gegewe grootheid, iets wat objektief voorhande is nie, maar dit is veeleer 'n gebeure, 'n proses wat mens en wêreld, die innerlike en die uiterlike omspan (vgl ook Fahner 1990:26).

Vanuit hierdie holistiese perspektiewe kan kultuur vir die doel van hierdie ondersoek soos volg saamgevat word:

* dit is die totale proses en interaksie van innerlike waardes, denke en emosies wat neerslag vind in menslike optrede, handeling en strukture op alle lewensterreine.

* Dit het 'n korporatiewe dimensie omdat die oorsprong daarvan binne 'n bepaalde gemeenskap lê wat hierdie waardes deel en op die volgende geslag oordra. Die korporatiewe dimensie staan gewoonlik in noue verband met die begrip 'volk', wat dien as 'n gemeenskap wat die waardes deel.

* Dit is nie 'n statiese gegewene nie, maar 'n dinamiese proses.

In die lig van hierdie omlyning van die begrip 'kultuur' is dit van meet af aan duidelik dat die prediking nie die werklikheid van kulturele prosesse kan ignoreer nie. Jonker (1973:25) formuleer die problematiek van die verhouding tussen prediking en kultuur soos volg:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Eeuwenlang voert de kerk de pretentie om in het daglicht van de werklikheid van het zijn, het leven en het handelen der mensen tot uitdrukking te brengen en wel vanuit een andere bron n.l. de doorlichting vanuit het leven brengende Woord van God. De werkelijkheid van geschiedenis en mens, cultuur en natuur, handelen en denken, instelling en beschouwing, levensgevoel en denkklimaat dient erkend en aanvaard te worden, maar geeft zij bij onze overwegingen aangaande de prediking ook de marsroute aan?

In sy verdere beredenering van die problematiek toon Jonker (1973:69-94) aan dat die prediker in die pastoraat moet leer wat die bepaalde vrae, opvattings en instellings is waarmee die prediking in relasie gebring moet word. Dit is egter iets anders as 'n neerlê en aanpasing by 'n bepaalde heersende volksteologie of om na die mond van die gemeente te praat. Jonker toon op 'n boeiende wyse aan hoe die prediking deur die eeue beïnvloed is deur faktore vanuit die samelewing, die kultuur, filosofie en die politiek.

Die wyse van Skrifuitleg, soos byvoorbeeld die allegorie en tipologie, was neerslag van bepaalde filosofiese strominge. Die verandering van preekvorme, soos byvoorbeeld die oorgang van die eenvoudige homilie te midde van die vroegste huisgemeentes en ook in die katekombes in die tye van vervolging, het plek gemaak vir die *sermo*, die kulturele prediking, gehou in die basiliek, en wel as gevolg van die begunstiging van die kerk deur Konstantyn in 380 n C. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die kerk daarom altyd volkskerk sal wees omdat dit die bevordering van die evangelie in die volkslewe in die oog het.

Chrysostomus het al gewys op die gevare wat die verhouding van die prediking en die volkslewe vir die verkondiging van die evangelie inhou, naamlik dat die staatsvorm van predikers meer dienaars van die staat as dienaars van God kan maak (Jonker 1973: 88). Wanneer ons erken dat die Woord van God ingaan binne die situasie (ons dien immers 'n lewende God wat mense in hulle omstandighede ernstig opneem), sal tegelyk toegegee moet word dat die Waarheidsvertolking in die prediking ook die hedendaagse situasie en daarom ook die kultuur moet binnedring. Oberholzer (1985:24) dui aan die hand van die kerklike belydenisgeskrifte aan hoe die kerk op die verskillende terreine van die samelewing deur middel van die prediking en pastoraat 'n taak het. Die gevaar dat die wesenlike van die evangelie deur invloede vanuit die situasie oorwoeker word, is wesenlik van aard. Verskeie navorsingsprojekte het reeds uitgewys in watter mate kulturele en politieke bindinge van predikers die prediking in so 'n mate oorwoeker dat die inhoude van die evangelie nie tot hulle reg kom nie. In 'n studie van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Celliers (1982) oor 'n preekanalitiese model, word preke van Allan Boesak, A P Treurnicht en G von Rad onder die soeklig geplaas. Hy kom tot die gevolgtrekking dat terwyl Von Rad se waarneming deur die kommentare bepaal word, word dié van die Suid-Afrikaanse predikers deur die situasie, hulle kulturele bindinge en die politiek bepaal.

Beide Boesak en Treurnicht interpreteer die Woord selektief en poog om God vir die eie saak op te eis. By beide vind waarneming deur die filter van eie interesse plaas (Cilliers 1982:175). 'Terwyl Treurnicht die ekklesia aan die volk prysgee, verkondig Boesak 'n ekklesia waarin Christus blykbaar nie meer teenwoordig is nie (Celliers 1982:192). In 'n empiriese ondersoek deur Bam (1991:124-135), toon hy aan hoe kulturele en politieke oorwegings in preke van studente van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Wes-Kaapland die prediking beïnvloed. Hy kom tot die konklusie dat dit nie moontlik is om die band tussen prediking en konteks los te maak nie, maar wys ook op die gevaar dat prediking deur die konteks verslaaf en verneder kan word tot 'n blote funksie van die konteks.

In 'n publikasie van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode oor die kerk en die sosiale roeping van die kerk (RES 1979), word gestel dat lidkerke van die liggaam wyd uiteenlopende menings oor die genoemde saak nahou. Hierdie standpunte van lidkerke wissel vanaf 'n totale distansiëring van sosiaal-kulturele betrokkenheid aan die een kant, tot by die visie aan die ander kant dat die kerk saam met ander instellings 'n deelgenoot is tot verandering (RES 1979:5).

Binne hierdie wye spektrum van standpunte sal daar gepoog moet word om vanuit homileties-hermeneutiese oorwegings tot 'n bepaalde posisionering te kom.

## 4. DIE BYBELSE KERUGMA IN 'N KULTUURKLEED.

Om lig te werp op die vraag na die verhouding van prediking en kultuur, is dit raadsaam om ons opnuut te oriënteer aan die Bybel wat tegelykertyd die bron van die prediking en die riglyn vir alle teologiese besinning is. 'Waar de culturele entourage van de Heilige Schrift wordt onderkend, komt juist het Woord Gods in zijn aansprekende taal openbaar' (Jonker 1973:57). Die erkenning dat die Skrif kultuur en tydgebonde is, baan juis die weg vir die soewereine gang van die Woord van God in pre-moderne en post-moderne gemeenskappe. Fahner (s a:24vv) gaan uit van die standpunt dat die Bybelse boodskap binne 'n tydgebonde kulturele konteks gehul is. Dit kan daartoe lei dat gedeeltes waarin 'n bepaalde kultuur duidelik aanwesig is, vir die prediking van minder belang geag word. 'n Ander moontlike benadering is volgens hom dat daar onderskeid gemaak word tussen vorm en inhoud. Die kulturele verpakking kan dus weggegooi word en die boodskap moet behoue bly. Hierdie benade-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ring skryf Fahner (s a:25) toe aan invloede vanuit die Griekse filosofie. Daar kan nie so 'n strakke onderskeid gemaak word asof die boodskap uiteindelik selfstandig bestaan nie. Die Bybelse boodskap is 'n gebeure wat uitnooi tot reaksie en interaksie.

Prediking het daarom nie te doen met die ontdaan van die kultuurkleed van die Bybelse boodskap nie, maar prediking is die uitdaging om deur die gebeure van transkulturasie dinamiese inhoude in 'n nuwe kultuurbedding te laat groei. Malina (1993:xi) sê: '... all language derives its meanings from the societal system and cultural context in which the language communication originally takes place'. Malina noem sy benadering tot die verstaan van die Nuwe Testament 'n 'inkarnatiewe' benadering. Met sy metode word beoog om lesers in staat te stel om hulle met fundamentele waardes en perspektiewe uit die antieke Mediterreense wêreld te vereenselwig, aangesien hierdie waardes en perspektiewe ten grondslag van die hele Nuwe Testament lê.

Hierdie enkele gedagtes illustreer dit voldoende dat die Bybelse kerugma in 'n kultuurkleed gehul is en dat hierdie 'kleed' nie sondermeer in die prediking afgeskud kan word en slegs die suiwere boodskap aan die gemeente oorgedra kan word nie. Prediking van die Bybelse kerugma sal altyd weer in die kultuurkleed van die eie konteks gehul word. Dit is die geheim en uitdaging, maar tegelyk ook die risiko van die prediking. Die prediker sal deeglik bewus moet wees van die gevare en risiko's. Venter (1983:110-122), wys op hermeneutiese versteurings wat kan plaasvind wanneer aanvaar word dat daar 'n reglynige analogie bestaan tussen die sosio-politieke stelsels van die Ou Testament en vandag. 'Histories gesien, word 'n moderne stelsel met 'n klassieke struktuur gelykgestel en filosofies gesien, word die antieke stelsel preskriptief vir die huidige stelsel. Hermeneuties gesien, beteken dit dat die gesag van die Skrif opereer in die sosiale strukture wat dit beskryf' (Venter 1983:112). Daar sal dus in die prediking gesoek moet word na 'n hermeneutiese metode wat die gevaar van 'n reglynige analogie vermy, maar teglyk reg laat geskied aan die kultuurbinding van beide die teks en die preek. Twee sulke moontlikhede is reeds aangetoon, naamlik dat via die proses van transkulturasie, of deur 'n 'inkarnatiewe' benadering die dinamiese inhoude vanuit een konteks na 'n nuwe konteks oorgedra word.

Hierdie oordrag geskied deur 'n horisonversmelting waarin die Woordgebeure voltrek word. In hierdie proses sal die eie kulturele konteks in die prediking voluit neerslag moet vind.

## 5. PREDIKING AS TAALMATIGE GEBEURE.

Wethmar (1977:164) toon aan dat Ebeling in sy poging om die spreke van God vir ons tyd te verantwoord, as eerste stap 'n analise maak van die fenomeen woord en taal. Ebeling (1969:409) beklemtoon dit dat tyd en konteks 'n konstitutiewe betekenis het vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die werklikheid van taal. Die woord geskied as tydmatige gebeure. Tot die woord behoort dus sowel die situasie van waaruit die woord ontspring as die situasie wat dit ingaan en verander (Pieterse 1979:42). Om die essensie van die woord te begryp, moet ons nie vra na die inhoud van die woord nie, maar na die uitwerking van die woord, wat die woord tot stand bring, wat deur die woord heen gebeur. Deur 'n versmelting van verstaanshorisonne vind daar in die prediking 'n woordgebeure plaas (Pieterse 1979:113).

Die prediking as taalmatige gebeure, sal dus deeglik rekening moet hou met die tydmatigheid en situasiegebondenheid van taal. In sy omlyning van 'n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie beweeg Vos (1995:164vv) in die rigting van 'n simboliese interaksionele kommunikasiemodel. Volgens hierdie model vind die kommunikasieproses plaas binne 'n bepaalde leefwêreld waarbinne sekere sisteme soos die huwelik, gesin, arbeid, sport en kultuur voorkom (Vos 1995:166). Wanneer prediking dus gedefinieer word in terme van kommunikatiewe teorieë, kan die effek van kultuur, groepe en subsisteme nie onderskat word nie.

Die belangrikheid van kultuur vir die prediking word verder onderstreep as gelet word op die verweefdheid van taal en kultuur in die kommunikasieproses. Haarmann (1990) is van mening dat die kulturele ingebedheid van taal die hoeksteen is van 'n komprehensiewe kommunikatiewe teorie. Taal as 'n sisteem van tekens en simbole is 'n kulturele verskynsel waarbinne die kollektiewe ervaring van deelnemende spekers gereflekteer word en waaruit die gemeenskap se patrone en strukture van sosiale waardes kristalliseer (Haarman 1990:viii). 'It is the cultural dimension of sign systems, wether they are laguage-related or not, which makes human communication unique' (Haarman 1990:ix). In sy poging om identiteit te herdefinieer, wys Fitzgerald (1993:7) ook op die interafhanklikheid van kultuur, identiteit en kommunikasie.

Die saak kan verder geproblematiseer word as daar, naas die twee horisonne van die teks en die interpreteerder, ook 'n derde horison onderskei word, naamlik dié van die respondente. Hesselgrave (1985:443-454) hou hom besig met die vraag hoe kulture in die kommunikasieproses geïntegreer kan word, veral wanneer die kultuur van die interpreteerder en respondent van mekaar verskil. Hy toon aan dat hierdie derde horison veral in 'n Derde Wêreld-situasie geweldige uitdagings aan die prediking stel. Wanneer hierdie derde horison nie reg geïnterpreteer en gekontekstualiseer word nie, lei dit tot 'n distorsie van die boodskap. Toegepas op die situasie van die Afrikaanse kerke roep dit die vraag na vore of daar in die plurale samelewing waarin ons onsself bevind, nie alreeds 'n gaping kan bestaan tussen die horison van die interpreteerder en die respondent nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

As kultuur en konteks in die prediking as kommunikatiewe gebeure so 'n groot rol speel, soos hierbo aangetoon, dan sal die prediker ook erns moet maak met hierdie derde horison. Prediking as 'n taalmatige gebeure in die kommunikasieproses aksentueer die feit dat prediking dus nooit kultuurvreemd kan wees nie.

## 6. PREDIKING EN KONTEKSTUALITEIT

Soos reeds aangetoon het die huidige homiletiese debat in Suid-Afrika veral die kontekstualiteit van die prediking in 'n situasie van oorgang as fokuspunt (vgl Pieterse 1995:50-56; Müller 1992:27-41; Burger 1994:83-93; Pieterse & Theron 1994:201-217; Vorster 1994:14-20; Bam 1991:124-135; Van Niekerk 1993:67-73; Odendaal 1990:45-62).

Dit is veral Müller (1992:27) wat die belangrikheid van 'n kontekstuele hermeneutiek vir die homiletiese situsie in Suid-Afrika probeer ontwikkel. Dit is 'n hermeneutiek wat moet funksioneer op die intervlak tussen eksegese en sosiale analise. Sy pleitrede vir die daarstelling van so 'n 'publieke' hermeneutiek, word gebou op die gedagtes van byvoorbeeld Josuttis (1980:41vv), Van Seters (1991:267vv) en andere, wat beklemtoon dat die horisonne van die verstaan van die teks en die verstaan van die sosiale realiteit oor mekaar moet skuif. Hierdie verstaan van die sosiale realiteit omvat die '... samelewing met sy rykdom aan kultuur en pluriforme lewensuitinge' (Müller 1992:28).

Hy betoog ook verder dat die kerk mag dink dat hy met 'n sogenaamde klem op die geestelike en die innerlike, ten koste van die sosiale relevansie, die Bybelboodskap van besmetting kan suiwer, maar dat so 'n houding in wese die prediking kragteloos maak. Volgens Long (1989:84) is die taak van die prediking juis om die identiteit van die geloofsgemeenskap binne die werklikheid waarin gelewe word, te artikuleer. Daarvoor is 'n verantwoorde sosiale hermeneutiek, gebou op 'n wetenskaplike sosiale analise, noodsaaklik (Müller 1992:30). Hierdie analise moet gedoen word in die ruimte van die openbare lewe, op die markplein.

Ook Pieterse & Theron (1994:152) is die mening toegedaan dat dit nodig is om die huidige konteks te verreken in ons teologisering. Daar het 'n duidelike verbreding in die praxisbegrip ingetree. Konteks beteken ook die konteks van die samelewing, want dit is die konteks waarbinne die kerk leef en werk.

Hierdie benadering van 'n kontekstuele hermeneutiek kan gerym word met 'n onderliggende preekteorie wat juis die prediking wil laat inspreek in die lewenswerklikheid van die geloofsgemeenskap. Volgens hierdie teorie sal die prediking gekonkretiseer moet word binne die sosiale werklikheid, wat nie slegs die kultuur nie, maar die totale praxis verdiskonteer. In prinsipe is die teorie kerngesond en bevry dit die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

prediking en die geloof van abstraktheid. Dit is egter wanneer gelet word op die toepassing van hierdie kontekstuele hermeneutiek wat die ou spook van politieke prediking weer sy kop uitsteek. Die sosiale analise van die markplein word gekonstitueer deur politieke werklikhede in die nuwe Suid-Afrika. Die politieke ideologie van 'n nuwe reënboognasie, waarbinne die belange van afsonderlike kultuurgroeperinge geringgeskat word (wat 'n politieke keuse veronderstel), word vanweë die sosiale analise die konteks waarbinne die kerk nie alleen moet leef nie, maar dit ook moet propageer.

Na my mening trap Müller in die slaggat om 'n politieke keuse tot norm vir die prediking te verhef as hy sê: '... dit behels verandering na 'n nuwe identiteit in 'n nuwe gemeenskap (1992:32). By implikasie veroordeel dit mense wat ander politieke opsies nastreef. Ook Pieterse (1995:54) verval myns insiens in politieke prediking as hy skuldbelydenis oor apartheid vanuit sy teorie deel wil maak van die liturgie en as hy mense deur die prediking wil oproep om groepsbelange en groepsinsigte te deurbreek (Pieterse 1995:55).

Die vraag wat hier na vore kom, is watter markplein gekies word vir 'n sosiale analise om die konteks van die prediking te bepaal? 'n Sosiale analise gemaak op die markplein van 'n dorp in die platteland sal waarskynlik 'n ander konteks vir die prediking daar stel. Kontekstualiteit gebaseer op 'n sosiale analise kan die prediking laat verval in 'n politieke prediking, wat losgekom het uit die 'ghetto' van 'n 'geïntroveerde kultiese prediking' (Müller 1992:27), om weer verstrik te raak in die politieke ideologie van die eie tyd. Kontekstuele prediking sou ook kon beteken dat 'n bepaalde kerk 'n verantwoorde analise maak van die kultuurgemeenskap wat die betrokke kerk bedien, om sodoende ruimte te skep om hulle angs, vrees en identiteit te artikuleer, sonder om politieke keuses op die lidmate af te dwing.

## 7. KONKLUSIES

Uit die enkele homiletiese perspektiewe wat in die ondersoek ontgin is, het dit duidelik geblyk dat daar 'n noue verweefdheid tussen prediking en kultuur bestaan. Prediking kan nooit kultuurloos wees nie. Die Bybelse kerugma kom na ons toe, gehul in die kultuurkleed van die Mediterreense wêreld van daardie tyd. Oordrag van die Bybelse boodskap kan nie anders geskied as deur die proses van die intolking daarvan in 'n nuwe kulturele konteks nie. Prediking as 'n taalmatige gebeure verbind prediking onlosmaaklik met kultuur as die basis vir die gemeenskaplike verstaan van taalsimbole. 'n Kontekstuele hermeneutiek neem as vertrekpunt 'n sosiale analise wat met 'n verbrede praxisbegrip opereer en ook die kulturele faset veronderstel.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die fokus het duidelik verskuif vanaf kultuurprediking na die kontekstualiteit van die prediking, waarby kultuur inbegrepe is. Die gevaar verbonde aan kontekstualiteit is dat dit kan ontaard in politieke prediking onder 'n nuwe naam. Dat die kulturele gegewenheid vir die prediking 'n *sine qua non* is, het duidelik na vore gekom. Die kerk het nie 'n kultuurtaak nie en verhef nie een kultuur tot die absolute nie, maar tegelyk kan die kerk in sy prediking nie anders as om gerig te wees tot 'n bepaalde kulturele groepering nie. Die kultuur is 'n integrale deel van die konteks waarbinne die evangelie gestalte moet kry.

Toegepas op die huidige debat binne die Nederduitsch Hervormde Kerk kan die begrip 'volkskerk' gehandhaaf bly, mits dit beteken dat die verkondiging in die Hervormde Kerk gerig is op 'n bepaalde volk of kultuurgemeenskap en daarom die boodskap van die evangelie gestalte wil laat vind binne daardie kultuurgemeenskap. Die prediking kan nie anders as om in 'n situasie van verandering en onsekerheid die vrese van die lidmate in die prediking te verwoord nie. Die identiteit van die bepaalde geloofsgemeenskap moet in die prediking geartikuleer word. Die kerk en daarom die prediking het nie 'n direkte kultuurtaak nie, maar omdat die verkondiging gerig is aan mense in 'n bepaalde konteks, sal die uitwerking van die prediking mense oproep om vanuit die geloof ook krities met hulle eie kultuur besig te wees. Prediking het dus op 'n indirekte wyse 'n kulturele effek.

**Literaratuurverwysings**

Allen, R J 1988. *The social function of preaching*, in Van Seters (ed) 1988:167-204.

Arbuckle, G A 1991. *Grieving for change*. London: Geoffrey Chapman.

Bam, G 1991. Prediking en konteks: 'n Ondersoek na die neerslag van konteks in die proefpreke aan die US en die UWK 1987. *NGTT* 32, 124-135.

Botha, S J (red) 1989. *Belydende volkskerk*. Pretoria: Kital.

Botha, S J & Pont, A D 1993. Inleiding tot die nuwe Kerkorde, in Konsep Kerkorde en Ordinansies, 1-19. Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Burger, C W 1994. Die agogiese moment in die prediking in 'n situasie van verandering. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9, 83-92.

Celliers, J H 1982. Soos woorde van God: Ontwerp van 'n preekanalitiese model. DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Ebeling, G 1969. *Wort und Glaube II*. Tübingen: Mohr.

Fahner, C & Van Laar, W 1990. *Evangelie als cultuur*. Kampen: Kok.

Fitzgerald, T K 1993. *Metaphors of identity*. Albany: State University of New York Press.

Haarmann, H 1990. *Language in its cultural embedding*. New York: Mouton de Gruyter.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hesselgrave, D J 1985. The three horizons: culture, integration and communication. *JETS* 28,443-454.

Jonker, H 1973. *En toch preken*. Nijkerk: Callenbach.

Jossutis, M 1980. *Praxis des Evangeliums zwischen Politik und Religion*. München: Kaiser.

Long, D J 1989. *The witness of preaching*. Westminster: John Knox Press.

Malina, B J 1993. *Windows on the World of Jesus: Time travel to Ancient Judea*. Louisville: John Knox Press.

Müller, B A 1992. Hermeneutiek op die intervlak tussen eksegese en sosiale analise. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7, 27-41.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1995. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Oberholzer, J P 1985. Die taak van die kerk teenoor die owerheid. *HTS* 42, 14-28.

Odendaal, D H. Benadering van en prediking uit die Ou Testament in die Afrika-konteks. *Theologia Viatorum* 17,45-62.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C en Theron, J P J 1994. Die begeleiding van Afrikaanssprekende kerklidmate deur die prediking in die staatkundige oorgangsproses. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9, 141-154.

Pieterse, H J C 1995. Eksistensiële prediking in die oorgangstyd. *NGTT* 36, 50-56.

Reformed Ecumenical Synod 1979. The church and its social calling. Grand Rapids.

Van der Merwe, C F 1989. Context and theology in Southern Africa: A shift in theological paradigm. DTh dissertation, University of Western Cape.

Van Eck, E 1995. J H J A Greyvenstein en A S Geyser oor die volkskerkgedagte. *HTS* 51/3, 825-850.

Van Niekerk, A 1993. Politieke prediking, die Ou Testament en die NG Kerk. *NGTT* 34, 67-73.

Van Peursen, C A 1955. *Cultuur en Christelijk geloof*. Kampen: Kok.

Van Seters, A 1991. The problematic of preaching in the third milennium. *Interp*. 45. 267-280.

Venter, P M 1983. Sosio-politieke relativering van die Bybel. *HTS* 39, 110-122.

Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1980. s v kultuur.

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 1985. s v kultuur.

Vorster, J M 1994. Prediking in 'n Afrikakonteks. *PTSA* 9:14-19.

Vos, C J A 1995. *Die blye tyding*. Pretoria: RGN.

Vroom, H M 1995. Evangelie en cultuur: Hun onderlinge verhouding. *GTT* 95/1, 3-11.

Wethmar, C 1977. *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopu.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services